HOËRSKOOL WATERKLOOF

COVID-19-PROTOKOL
COVID-TOETSE EN ISOLASIERIGLYNE

TOON COVID-19 SIMPTOME

- COVID-19 simptome (2):
  - *Hoes, seer keel, kort van asem, reukverlies, veranderde sin vir smaak, koors, kouekoors, abnormale hoofpyn, naar, braking, diarree, lyfseer, algemene swakheid, ongediagnoseerde sinisitus simptome*
- **By die skool:** gaan onmiddelik na die noodhulpkamer, dra jou masker en vermy kontak met ander.
- **By die huis:** bly by huis, moet nie skool toe kom nie.
- In albei gevalle moet die individu wat simptome toon, hul SCADSYS vraelys eerlik voltooi.
- Indien die individu simptome toon by huis, moet hul asb die COVID-span daarvan laatweet per epos: medies@klofies.co.za.
- Die individu moet dan vir 'n mediese ondersoek gaan, en 'n COVID-19 toets afneem (1).
- Toets resultate wat aanvaar word is die volgende:
  - COVID PCR toets (Ampath of Lancet)
  - Rapid COVID PCR antigeen toets (PharmaValue Elarduspark / Dischem)
- **Die individu kan slegs terugkeer skool toe onder die volgende omstandighede:**
  - *Hul dien 'n doktersbrief in wat aan dui dat hul nie COVID-19 het nie (ander gediagnoseerde siekte).*
  - ***AS hul nie dokter toe kan gaan nie, moet hul 10 dae isoleer met COVID-verwante simptome***
  - *Hul isoleer vir 'n tydperk van 10 dae vanaf die positiewe COVID-19 toets resultaat.(1)*

Die individu moet saam met die COVID-span, eerste lyn kontakte identifseer sodat daardie individue in kwarentyn kan gaan. Die individu sal 'n dokument ontvang waarop hierdie gedoen moet. Hul sal die beskikbare vloeidiagram gebruik om alle individue te identifiseer waarmee hul in kontak was twee dae voor hul simptome begin wys, of positief getoets het:

HOË EN MEDIUM RISIKO KONTAK

- Indien jy geidentifiseer word as 'n hoë/medium risiko kontak (3), sal die volgende stappe gevolg word, afhangende van waar jy jouself vind:
  - **By skool**: jy sal uitgeroep word om na die noodhulpkamer te gaan. Hou jou masker aan, neem jou tas saam en vermy enige onnodige kontak. Verdere inligting sal verder met jou gedeel word, waarna jy huis toe gestuur sal word om in kwarentyn te gaan.
  - **By huis**: jy sal gekontak word om jou in kennis te stel van die situasie.Jy sal dan gevra word om in kwarentyn te gaan.
- In albei gevalle moet die individue hul SCADSYS vraelys eerlik voltooi.
- Die hoë/medium risiko kontakte moet dan kwarentyn vir 10 dae by die huis (1).
  - Die individue moet die volle 10 dae in kwarentyn bly, ongeag of hul negatief toets.
  - As leerders siek word en met 'n ander siekte gediagnoseer word, moet hul nogsteeds hul kwarentyn tydperk voltooi
- Indien daar simptome ontwikkel moet stappe soos bo aan dokument, gevolg word.

1) https://www.nicd.ac.za/wp-content/uploads/2020/11/Revised-DBE-guidelines-Management-of-COVID-in-schools_Sept2020.pdf
2) https://www.nicd.ac.za/wp-content/uploads/2020/07/NICD_DoH-COVID-19-Guidelines_Final_3-Jul-2020.pdf
3) https://www.knowledgehub.org.za/system/files/elibdownloads/2020-07/Guidelines%20-%20Contact%20Tracing%20for%20COVID-19.pdf